

# Huurders smul dalk nie meer aan PIE

## Nuwe wetgewing kan eienaars verligting bied

Philip de Bruin

**W**etgewing wat wysigings aan die Wet op die Verhuring van Eiendom beoog, is pas gepubliseer.

Dié wysigings is daarop gemik om 'n omstrede uitspraak van die appèlhof in 2003 te omseil waarin huurders van eiendom dieselfde regte en voorregte verkry as plakkers ingevolge die Wet op die Voorkoming van Onregmatige Uitsettings (algemeen bekend as PIE).

Ná die uitspraak kon geen mens wat eiendom verhuur meer wanbetalende huurders van die eiendom laat verwyder sonder om die omslagtige en peperduur proses wat in die PIE vir die verwydering van plakkers voorgeskryf word, na te volg nie.

Dit het meegebring dat baie huiseienaars en eienaars van woonstelle óf wanbetalende huurders moes verdra óf duisende rande moes opdok om die PIE-prosedure te volg om sulke huurders uit hul eiendom te kry.

Mnr. Bill Rawson, voorsitter van Rawson Properties, sê die

beoogde wetswysiging is baie goeie nuus vir die eiendoms-mark omdat sommige groot beleggers in eiendom "beslis versigtig begin raak het ná die uitspraak van die appèlhof".

Hy sê ingevolge die wetswysigings, wat vir kommentaar gepubliseer is, sal eienaars van vaste eiendom nie meer om 'n hofbevel aansoek hoef te doen om 'n uitsettingsbevel te verkry nie omdat die Huurbehuisingstribunaal nou die magtiging kry om ná 'n verhoor uitsettings wettig te verklaar.

"Dit sal beteken dat verhuurders nie meer regskoste hoef aan te gaan om wanbetalende huurders uit te sit nie."

Ook mnr. Faan Coetzee, eiendomsregkenner van die Sandtonse firma Hofmeyr, het die wetgewing verwelkom veral omdat dit groot geldelike verligting vir eienaars van eiendom gaan meebring in die vorm van 'n besparing aan regskoste en aan tyd. Die wetgewing bepaal nie watter regskrag bevele van die tribunaal sal hê nie, maar die algemene verwagting is dat dit dieselfde regskrag as 'n bevel van die hof sal hê.